

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

## Woorddiens

**Tema: Eie belangrikheid, die belangrikheid van werk en die belangrikheid van genade**

**Skriflesing 1: Lukas 14:1,7-14**

**Skriflesing 2: Spreuke 25:6,7**

### Broodjies vir die Pad

Because Luke uses every detail carefully, we should pay attention to the context for this teaching. It is at a lavish banquet provided to a stranger, himself, that Jesus reveals more details about God's reign, or to use Marion's language, "the economy of the gift." Without realizing it, or perhaps even contrary to his original motives, the Pharisee is invited by Jesus to take one step closer to God's reign. Next time you put on a party, Jesus tells him, invite the poor and disabled, those who have no way to repay your generosity. Without any elaborate theological discussion, which is what religious leaders preferred (prefer?), just take the specific steps and participate in God's reign. Being a beneficiary to those in need is the way you will (re)discover your status as a beneficiary; deciding that you are a beneficiary inaugurates your being a beneficiary to others! When God's people forget their identity as beneficiaries of God's love, they "become worthless themselves;" they loose contact with their "Maker." But, "happy" is the person who "honors" the Lord and does justice.

<http://sacraconversazione.blogspot.com/search?q=Because+Luk+e+uses+every+detail+carefully%2C+we+should+pay+attention+to+the+context+for+this+teaching>



De exodus van Ethiopische joden is voorbij. Israël heeft de laatste 450 Falasja naar het Heilige Land gebracht. Sinds de oprichting van de staat zijn meer dan 90.000 Ethiopische joden naar Israël gekomen.

[...]

#### Verborgene stammen

Israëlsche rabbijnen zien ze als nakomelingen van de Dan, een van de verloren stammen van Israël. Bij enkele Falasja wordt het jodendom in vraag gesteld, waardoor ze zich in Israël moeten bekeren. In hun Afrikaanse geboorteland leefden de Dan meer dan 2.500 jaar geleden rondom de historische stad Gondar in het noorden van het land.

Het Israëlsch leger heeft in het verleden duizenden in Ethiopië vervolgd joden naar hun nieuwe vaderland gebracht - midden in de jaren tachtig met operatie Mozes en in 1991 met operatie Salomon.

<http://www.trouw.nl/tr/nl/4720/Jodendom/article/detail/3500105/2013/08/28/Laatste-450-joden-uit-Ethiopië-aangekomen-in-Israël.dhtml>



### Maar hoe dink Afrikaanssprekendes deesdae oor die Bybel en Bybelse Afrikaans?

Vir skrywers, digters en sangers was die Bybel oor die eeue heen 'n inspirasie. Die romanskrywer **Karin Brynard**, wat besig is om internasionaal bekend te word vir haar moordverhale, sê die heel eerste moordverhaal waarvan sy weet, kom uit die Bybel – naamlik dié oor Kaïn en Abel. En die mens se eerste leuen, die eerste verraad gaan terug na Genesis.

“Ek het van Dawid en Jonatan geweet lank voor ek van Hansie en Grietjie geweet het. En die stories was fantasties: Dawid en die reus, die sewe plae van die Egiptiese farao, Josef en sy heldersindheid. En die pragtige verhaal van die barmhartige Samaritaan.”

Die woord ‘barmhartig’ – uit die ou vertaling is vir Karin suiwer poësie.

Vir mense soos Karin is die Bybel die groot storie van die mensdom waaruit elkeen kan neem wat vir hom waardevol is. “Wat presies die politiek van die dag was wat bepaal het watter van die geestesboeke uit- of ingesluit is toe die Bybel saamgestel is, weet ek nie. Antropoloë en Bybelkenners kom aanhoudend met nuwe en opwindende feite rondom die ontstaan van hierdie invloedryke boek na vore. Die teenstrydighede en die raaisels hou ons al vir 1600 jaar besig – vir so lank maak ons al oorlog oor wie se interpretasie die juiste is.”

Die liedjieboer **Anton Goosen** onthou hoe hy as kind deur die familie se Statebybel geblaai het - daar was volbladsketse van gebeurtenisse uit die illustreerder se oogpunt. Dit sou later weer ter sprake kom toe hy in die 70's by 'n Engelse privaatskool - St Stithian's College in Sandton klasgee. Die Metodisteskool wou kinders nie voor graad vyf aan die Ou Testament blootstel nie. Sommige metafore en wreedhede soos Abraham se offerhande van sy seun Isak, Jona en die vis (iets wat blykbaar vir Queen Victoria baie onverstaanbaar was!), en dinge soos die sonstilstand was vir die liberale skool 'n taboe.

In sy vroeë twintigs het Anton weer die Bybel begin lees asook die Koran in Afrikaans en later ander filosofiese werke soos onder andere Zen, Tao, ens. Ook Paganisme.

“Ek dink die deel wat die grootste impak op my gemaak het en die oorfloeiende met alle dogmas en filosofieë was "jou naaste liefhê soos jouself" - die "redemption van die rasta's, die "enlightment" van die Boeddha. As jy jou naaste wil liefhê kan jy dit nie doen as jy jouself nie liefhet nie, want jy kan nie lig gee as jy net donkerte beskikbaar het nie. Ek dink hierdie begrip, is die grootste geskenk wat die Afrikaanse Bybel my persoonlik gegee het.”

Die digter **Lina Spies**, wat agt Psalms vir die kerk se Liedboek berym het, sê die sin van lewe is vir haar onlosmaaklik verbonde aan die Bybel. As kind het haar pa voor ontbyt en ná aandete altyd 'n kort gedeelte uit die Bybel – chronologies

vanaf Genesis – voorgelees. So het sy van kleins af die Bybel in konteks leer lees en nie 'n leser van losstaande tekste of teksverse geword nie.

Later in haar lewe het sy al hoe meer in verzet gekom teen wat sy noem haar pa as pater familias se verpligte lees van die Bybel. As volwassene is sy heeltemal daarvan bevry. “My lewe self het bepaal dat ek die Bybel by tye gereeld, sporadies of glad nie gelees het nie.”

Die Bybel het egter altyd sy sentrale plek in haar literêre lewe en loopbaan behou. “My samewerking aan die Liedboek van die kerk deur die beryming van agt psalms het my oë geopen vir die poëtiese skoonheid van die psalms, maar ook vir die hoë literêre waarde van die hele Ou Testament. Die boek Job is die verhaal vir alle tye van mense se worsteling met die vraag waarom slegte dinge met goeie mense gebeur. Prediker is 'n ryk bron van aforismes, Hooglied is 'n grootse liefdesgedig. Ek kon die psalms nie berym sonder die samewerking met 'n Ou-Testamentikus wat die psalm in die grondtaal vir my kon interpreteer nie. Daardeur het ek agtergekom hoe ver die Nuwe Vertaling in Afrikaans afwyk van die oorspronklike Hebreeus en het ek self van die 1933-Vertaling gebruik gemaak.”

“Die Bybel gaan nie vir my oor die volheid van die lewe hierna nie, maar om die volheid van hierdie lewe: om ná 'n woestynreis 'n lushof te bereik, om ná 'n donker nag die dag te sien breek.” Haar geliefkoosde teks wat haar lewenslank geïnspireer het kom uit die eerste hoofstuk van Josua: “Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed belooft het om aan hulle te gee.” Met hierdie teks hou Lina Spies moed en reis sy daagliks na die beloofde land.

Gesels jy met woordmense soos Karin, Lina en Anton besef jy dit is nie die dogmatiese en wettiese voorskrifte van die Bybel wat digters en skrywers inspireer nie maar die poëtiese vloeï daarvan. Verse soos "Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is", "ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid". En natuurlik ook 1 Kor. 13:12-13 (uit die 1953-vertaling)

“Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.”

*Jean Oosthuizen*

<http://www.beeld.com/opinie/2013-08-27-watter-woorde-bekoor-jou>

## Brood vir die Pad

### Hoe werk dit dan nie vandag meer so nie?

*Dirkie Smit*

Sien jy iemand wat vaardig is in hul werk – só een kan voor konings staan. Só sou die 1953-vertaling van Spreuke 22:29 destyds sê – en my as kind verwonderd laat oor wat tog agter dié wysheid sou skuil. So pas herinner The Craftsman van die gevierde sosioloog Richard Sennett my weer aan dié woorde.

Dis die eerste van drie boeke in 'n trilogie wat hy beoog. Al drie sáám bedink die aard van die mens as Homo faber, die werkende mens, 'n eeue oue motief in Westerse denktradisies. In dié eerste een dink hy oor die belang van werk. Van handewerk, die máák van dinge, van spéél, dóén, produseer. Van die tydsame aanleer van vaardighede, die tegnieke om iets rég te doen, góéd te doen. Van die besig-wees met alledaagse arbeid. Die tweede boek het ook pas verskyn, Together, oor die belang van sáám-werk. Oor aanleer om sáám take aan te pak en sáám uitdagings te oorkom. Oor aanleer van vaardighede met die oog op verhoudinge, soos luister, verdra, waardeer. In die derde een wil hy glo nog nadink oor hoe ons dié twee tegnieke – van dóén en van sáám doen – benut om stede te bou, woonplekke, ruimtes om te lewe.

Dié eerste boek is nogal uitdagend. Selfs ontstellend. Sy tese is naamlik dat daar in ons álmal die behoefte skuil om wat ons doen góéd te doen net ter wille van die vreugde daarvan – maar dat dié hunkering in ons tyd nie waardeer word nie, eerder geminag. Ons doen vandag eerder dinge om iets te bereik – erkenning of eer, sukses of beloning. Met die oog op ánder en wat hulle gaan sê. Die wat in óns wêreld aansien geniet, is nie meer hulle wat iets behóórlik doen uit trots op eie werk nie. Trouens, in ons tyd van kompetisie, belonings en besittings is dié wat meeste bewonder word nie hulle wat die beste werk lewer nie, maar hulle wat – dalk sónder om enigiets te doen, soms selfs te kan of te wil doen! – daarin slaag om hoogste te klim, meeste te bekom, swierigste te vertoon.

Ons eie kinders sou dit moeisaam leer. Oorsee, in 'n standerd té hoog, en boonop in 'n vreemde taal. Hoe hulle sware huiswerk moes doen, net om te ervaar dat die onderwysers nooit daarna vra nie. Gefrustreerd omdat alles verniet gevoel het, moes hulle ma verduidelik. 'n Mens leer nie vir die juffrou nie, jy werk nie omdat ander jou gaan uitvang of aanprys nie, maar omdat werk góéd gedoen eie vreugde bring, reeds sélft die beloning is. Ongeag of enigeen ooit gaan kyk.

Dis half om van te ween. Ten minste as ons Spreuke onthou. Want dié siening het uit die mode geraak. Word vandag bespotlik voorgestel. As iets nog net vir armsaliges. Want waarom sou 'n mens? Waarom wérk, eerlik, hard, getrou, met trots eenvoudige roetine arbeid verrig – as dit só maklik is vir vele om weg te kom sonder om 'n vinger te verroer? Soms word spottend gepraat van die Calvinistiese werksetiek – want dis wat sosioloë 'n eeu gelede dit sou noem. Dog Sennett is g'n Calvinis nie, intendeel, maar soos vele ander ween hy saam as hy sien wat Homo faber deesdae doen.

<http://www.dieburger.com/opinie/2013-08-24-geestelike-waardes-hoe-werk-dit-dan-nie-vandag-meer-so-nie>